# ISRAEL EN DIE KERK 3

Of, Númeri, die 20ste hoofstuk van Númeri, is waarop ons ons tema gaan baseer vanaand.

2 En nou het ons nog omtrent vier Bybels, as enigiemand saam met ons wil studeer. Sommige van die ouderlinge sal bly wees om vir julle hierdie vier ekstra Bybels hier te bring. Enigiemand wat 'n Bybel wil hê, steek net jou hand op. Goed, hier's 'n paar net hier. Broer Fleeman, as jy sal kom en hulle kry—kry en hulle aanstuur solank as wat hulle hou.

3 Númeri, Númeri, die 20ste hoofstuk. Ons gaan hierdie "reis" neem uit Númeri binnekort, want dit gee meer in detail as wat Eksodus gee, en die verhaal. En ons wil begin by omtrent die 7de vers, en lees.

> *En die HERE het met Moses gespreek, en gesê,*
>
> *Neem die staf, en laat die vergadering byeenkom, jy en jou broer Ääron, en spreek julle die rots aan voor hulle oë; dan sal hy sy water voort*bring,. . .

4 Ek wil hê julle moet oplet dat: "Hy sal Sy voortbring," persoonlike voornaamwoord: "Sy water."

> *. . .so moet jy dan vir hulle water uit die rots laat vloei: en die vergadering en hulle vee laat drink.*
>
> *Toe neem Moses die staf voor die aangesig van die HERE weg, soos hy hom beveel het.*
>
> *En Moses en Ääron het die vergadering voor die rots laat* saamkom, *en hy het vir hulle gesê, Hoor tog, julle wederstrewiges; moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?*
>
> *Daarop tel Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf: en daar het baie* waters *uitgekom, sodat die vergadering gedrink het, en hulle vee ook.*

5 Nou, geen mens is geskik om die Woord van God oop te maak nie. In die Bybel, het Dit gesê, dat selfs "Een het gekom, en soos Een wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld, 'n Lam, en Hy was die enigste Een Wat in staat was om die Boek te neem, om die seëls te breek, en die Woord oop te maak." Nou die Heilige Gees, wat Jesus teruggestuur het in Sy plek, om by ons te bly totdat Hy weer kom.

6 Broer Neville, sal jy staan en God vra om ons nou te ontmoet, en om Sy Woord te seën soos Dit uitgaan, as jy sal? En mag. . . vra Hom om ons nou te kom help om Sy Woord te verduidelik.

7 Terwyl ons ons hoofde buig, as jy sal, in 'n woord van gebed.

8 [Broer Neville bid: "Ons Vader, vanaand, kom ons weer voor U in opregte nederigheid, Here, met die besef dat menslike vermoë onvoldoende is om die geestelike behoeftes van hierdie kudde te bevredig, vir wie U vergader het deur die Heilige Gees—Red.] Waarlik, Here!

[En, Vader, soos ek hier staan vanaand, 'n middelaar, nie volgens my besluit nie, maar deur U keuse, 'n ouderling van die Kerk van die Here Jesus Christus, deur die gesag van die Heilige Gees,] Hmm! [Ek vra U, in Jesus' Naam, vanaand, om na ons te kyk, in die. . . in daardie mate van genade,] Ja, Vader. [waardeur ons guns in U oë kan vind. En hierdie, my broer en mede-reisiger en mededienaar,] Ja. [Wie U geroep het uit sy moeder se skoot, Vader, in staat mag wees, vanaand, om die Skrif oop te maak, deur die Heilige Gees.] Skenk dit, Here.

[En as die een wat die administrateur van hierdie groot kudde is,] Skenk dit, Here. [Vader, nie om insoverre te praat hier as. . . maar as gevolg van die guns wat ons gevind het deur U gekruisigde Seun, vanaand,] Ja. [kyk na ons en doop ons met die opstandingskrag uit die Hemel,] Skenk dit, Here. [maak ons verstand oop vir die Skrif, en mag ons harte in ons brand soos ons saam gemeenskap hou, oor hierdie dinge wat U gegee het.] Ja, Vader.

[O, ons Vader, vanaand, laat ons nou gaan sit, Groot God, in die meditasiegees, onder die salige uitspansel van die Hemel vanaand, besoek U mense, leer ons uit die Woord. O, onderwerp elke—elke gedagte wat teenstrydig mag wees, vanaand.] Ja. [Groot God, maak ons gedagtes stil,] Amen. [en gee ons 'n wonderlike seëning vanaand.] Skenk dit, Here.

[En nou, Vader, vir dit alles wat ons vra, in Jesus' Naam, sal ons U die lof en eer en heerlikheid daarvoor gee. Amen, en amen.] Amen. (Dankie, Broer.)

Daar miskien 'n vreemdeling in ons midde is, dis ons pastoor hier, Broer Neville.

9 Hy het 'n bietjie hees in sy keel geraak, en dis waarom ons nie veel van hom gehoor het die laaste paar aande nie. Hy is soort van gevra om stil te wees soveel as moontlik, vir daardie rede, tot sy keel 'n kans het om—om—om. . . hy 'n kans kry om weer te herstel.

10 Nou, ons het die Boek van Eksodus bestudeer. Die *Eksodus* is "die uitroep, van die kinders van God." Hulle was die volk van God solank hulle in Egipte was. Maar toe hulle hulle eksodus gehad het, het hulle die kerk van God geword, want die kerk, woord *kerk*, beteken "uitgeroepte." En ons glo dat ons vanaand naby 'n eksodus is. Glo julle dit? Ons is naby nog 'n eksodus, 'n uitroep, skeiding, gereedmaak.

11 Nou, ek glo ek is, ek soort van, en is beskuldig om te wees, en wat ek is, 'n tipoloog, want ek glo dat al die ou dinge 'n skaduwee

was van die dinge wat sou kom. Die Skrif leer dit. En as ons 'n visioen kan hê, en kyk wat die Ou Testament was, sal ons sien wat die Ou Testament is, of wat die Nuwe Testament is, liewer. Sien, die tipe. Hulle was vir skaduwees en vir voorbeelde, dat ons kan weet wat om te doen. Kyk hoe hulle geval en hoe hulle opgestaan, en wat hulle gedoen het soos hulle God gedien het, en dit is 'n skaduwee vir ons.

12 Nou, die eerste aand, Woensdagaand, het ons "die kerk" opgetel om uit te vind, basies, wat die kerk was. En nou in die genesingsveldtog. . .En hierdie is die eerste keer wat ek 'n herlewing gehou het in sewe jaar, van hierdie soort. Sewe jaar, hierdie komende week, het ek die tabernakel verlaat en uitgegaan in die evangelistiese veldtogte, van genesingsdienste.

13 En ek het dit oorgelaat aan bestuurders wat die prediking gedoen het, meestal, en ek sou net praat oor die onderwerp van Goddelike genesing, want ons was 'n gemengde gehoor, van—van Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke, Ortodoks, Jood, alles. En partymaal as jy trap op iemand se kerkleer, sal dit die predikers die mense laat weghou van die kerk, party van hulle wat regtig moes gekom het om voor gebid te word. So ek het net alles uitgelaat behalwe die groot evangeliese, fundamentele lering van die Bybel, dood, begrafnis, en opstanding van Christus; julle weet wat die fundamentele, evangelistiese lering is.

14 Maar nou in die tabernakel hier, by my kerkie wat die Here my twintig jaar gelede gegee het, voel ek—ek vry dat ek kan leer wat my oortuigings is. En dan, en ons het nie enige lidmaatskap hier nie, ons het net gemeenskap een met. . .Jy's 'n lidmaat hier terwyl jy hier is vanaand, jy's 'n lidmaat. Ons het nie enige—enige lidmate nie, net gemeenskap.

15 En ons nou, hierin, mag jy dinge vind wat jy sê: "Broer Branham, ek stem nie Daarmee saam nie."

16 Wel, nou, as jy, as jy nie, gebruik dan dieselfde metode wat ek gebruik wanneer ek 'n yslike groot kersietert eet en 'n pit kry. Ek hou nie op kersietert eet nie; ek eet net nie die pit nie. Ek gooi net die pit weg en hou aan kersietert eet. Of wanneer jy hoender eet, dit moet 'n been in sy been hê, julle weet. So moenie die hoender weggooi omdat jy die been tref nie, gooi net die been weg. En wat jy dink die been het of die. . . wel, gooi jy dit nou net weg, en neem wat jy dink reg is.

17 Nou, ons vind dat God se Kerk nie die wil van die mense is nie. Dis uitverkiesing. Uitverkiesing is in God. God het Abraham geroep, die stigter van die geloof, die begin. God was die Stigter, natuurlik. Maar Abraham, in die begin, is uitgeroep uit Chaldéa, stad van Ur, uit die vlaktes van Sinear, nie volgens enige verdienste van sy eie nie. God het hom gered, onvoorwaardelik, en hom die belofte van al sy Saad gegee, onvoorwaardelik.

18 Jesus, toe Hy gekom het, het Hy gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie trek nie." Jy het niks daarmee te doen gehad om na God toe te kom nie. God het jou na Jesus toe getrek. "En almal wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het ewige Lewe; en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe. Hy wat My Vlees eet en My Bloed drink, het" teenswoordige tyd "ewigdurende Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dae." Dis wat Hy gesê het, so ek haal net Sy Woord aan. En ek glo dat dit die Waarheid is.

19 Daarom, glo ek dat God voorbeelde geplaas het. Hy het Abraham gered, onvoorwaardelik.

20 Hy het 'n verbond met die mens gemaak, en die mens breek altyd sy verbond. Maar die mens het altyd een of ander manier probeer vind om homself te red, homself te probeer maak. Dit kom van 'n neiging: In die tuin van Eden, toe die mens besef het hy het gesondig, het hy vir homself 'n godsdiens, 'n bedekking, probeer maak. Die woord *godsdiens* beteken "bedekking." En Adam en Eva het vyeblare aanmekaar gewerk, en vir hulleself 'n godsdiens gemaak. En van toe af was dit 'n neiging van die mens deur die eeu, om iets te probeer doen om homself te red.

21 Maar jy word gered deur genade, uitverkiesing, God se voorkennis, voorbestemming, verordinering. Paulus vertel die kerk in Efése, dat: "God ons voorbestem het in Christus voor die grondlegging van die wêreld." Dink daaraan! "Ons voorbestem in Christus voor die grondlegging van die wêreld." Waaroor is ons dan bekommerd? Hou op bekommer, ons is net die gelukkigste skepsels wat jy ooit kon gesien het. Goeiste, hoe kan jy dit glo en nie gelukkig wees nie?

Ek het altyd vir ou Broer Bosworth gesien, en hy het gesê: "Broer Branham!"

Ek het gesê: "Hoe voel jy vanmôre, Broer Bosworth?"

Gesê: "Ek het weer daardie selfde ou probleem, Broer Branham."

Ek het gesê: "Dieselfde ou probleem, wat is dit?"

Gesê: "Net só gelukkig, ek kan nie slaap nie!" Ek het gesê . . . Hy het gesê: "Broer Branham, hoe kan ek glo wat ek glo, sonder om gelukkig te wees?" Sien, dis reg.

22 Jy weet dat Christus alreeds jou plek as 'n sondaar ingeneem het. Hy het gesterf. God het Hom aanvaar. Hy het weer opgestaan, en sit aan die regterhand van Sy Majesteit. God het gesê: "Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het, luister na Hom." En daar is Hy, die—die Deur, die Poort, die Weg, die Waarheid, die Lewe.

23 En hoe kom ons in Hom in? Hy is die Kerk. Die Kerk het ewige Lewe, dis alreeds voorbestem om te verskyn sonder vlek of gebrek. God het klaar gesê dit sou daar wees, dit gaan daar wees! Nou, God het klaar so gesê. So hoe kom ons dan in die Kerk in? Deur een lidmaatskap? Nee. Deur iemand se hand te skud? Nee. Een of ander vorm van 'n do-. . .? Nee. "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van daardie Liggaam." Een Korinthiërs 12 sê: "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van daardie Liggaam." Deur wat? Geestelike doop wat ons in die Liggaam van Christus inlei, en dan word ons gevul met God se Gees.

24 Verseël tot hoe lank? Efésiërs 4:30: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Nie van een herlewing tot 'n ander nie; maar: "tot die dag van julle verlossing." Amen. Ewigdurende Lewe! *Ewigdurend* is nie net 'n klein. . .'n tydsbestek nie, ewigdurend is "Ewiglik vir altyd," kan net so min sterf as wat 'n mieliepit 'n kankerroos kan word.

25 En as 'n mens gebore is uit die Gees van God, lewe hy outomaties die Lewe. Soos ek nou die aand gesê het, drink, rook, dobbel, drink, vloek, swets, dis nie sonde nie, dis die eienskappe van sonde. Dis omdat jy 'n sondaar is, waarom daardie dinge uitkom. Maar as jy 'n gelowige is, kan daardie dinge nie uitkom nie, want bitter en soet water kan nie uit dieselfde fontein kom nie. 'n Kankerroos kan. 'n Koringkorrel kan nie kankerrose dra nie, want die aard daarvan is koring. Dit moet voortbring wat dit is. En as die Heilige Gees aan die binnekant is, bring dit die Lewe van Christus voort. Amen. Dis geloof. Amen. Goed.

26 Nou, dan vind ons dat, ons nou die skaduwees dophou. En ons vind, dan, en God gee ons voorbeeld, Christus in elkeen van die aartsvaders, of regdeur die eeu. In Abraham, het God uitverkiesing gehad. In Isak, regverdigmaking, roeping.

27 God het vir Isak geroep selfs voor hy gebore is, hom sy naam gegee, alles, net soos Hy vir Jesus het. Dan let ek op Isak volmaak. . .Ons het nie tyd gehad om dit te kry nie, maar het julle Isak opgelet, die enigste seun van sy vader, deur belofte, het die hout teen dieselfde heuwel opgedra, gelaai, sy hande vasgemaak, geoffer as 'n offerhande. En toe hy sy eie seun se lewe begin neem het, Abraham, het 'n diertjie geblêr, 'n skapie, ram, vasgehaak, vasgehaak in die wildernis, aan sy horings. En die Heilige Gees wat uit die Hemel roep: "Stop jou hand." En hy het gegaan en die lam gekry en in sy plek geoffer; wat die Lam was wat geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld. Daar het julle dit, pragtige prentjie.

28 Roeping, uitverkiesing, in—in Abraham. Regverdigmaking, in Isak. Genade, in Jakob. Enigiemand wat ooit Jakob se lewe gelees het, weet dat jy in genade moet glo. Dis genade, in Jakob.

En volmaaktheid, in Josef, niks teen hom, in die Bybel nie; volmaakte man, volmaak van Christus. Dan vind ons uit dat die aartsvaders almal afgegaan het na Egipte, en daar het hulle gelewe. En hulle stamme het opgekom en hulle het die—die lande gevul, omdat God dit aan Abraham belowe het.

29 God se Woord moet elke keer vervul word. Die ratte van God se profesie draai stadig, maar seker. As jy verkeerd doen, dink jy jy kom weg. Maar onthou net, jong man of vrou, dit gaan reg tot by jou deur draai een van hierdie dae. Jy sal wonder wanneer en hoe, maar dit sal daar wees. Jy sal maai wat jy saai, elke keer. God het dit gespreek, dit moet so wees. Dat: "Vir ewig staan U Woord vas in die Hemel." Dis alreeds gesê. Hulle stry nie Daaroor daarbo nie; dis alreeds afgehandel. Ons stry Daaroor. Maar, in die Heerlikheid, is Dit afgehandel. Wanneer God enigiets sê, moet dit wees. Wel, is dit nie wonderlik nie?

30 Kan jy dit nie net in jou hart vestig vanaand nie? "Here Jesus, ek glo U. Dit handel dit af. Halleluja! Ek kom nou, ek wil hê U moet my die doop, die Gees, gee." En jy sal Dit net daar kry. Goed. Dan, vir altyd, sal God jou verseël deur die Heilige Gees tot die dag van jou verlossing. Goed.

31 Dan let ons op, in die volgende aand se les, vind ons Josef wat melding maak van sy bene. En hoe perfek hy in Christus getipeer is, selfs tot sy kleed, alles.

32 Alles so ver is volmaak vervul in Christus. Let op. Hy was die finale menslike Wese, die finale Offerande van Abraham se Saad. Ons het gevind dat (het ons nie?) toe hy die offerandes op die heuwel gemaak het, en die Liggie tussen dit deurgegaan en die eed bevestig het. En God het daar gestaan en die eed op Gólgota afgelê, Hy het die eed afgelê en die Skrif, of die geskrif, uitmekaar geskeur, die een deel geneem, soos ons gevind het dat 'n verbond in daardie dae gemaak is.

33 Soos, ons vandag hande skud. In Indië, of ek dink dis China, gooi hulle 'n bietjie sout op mekaar. En baiekeer gee hulle 'n kind vir mekaar, vir 'n bevestiging van 'n eed.

34 Maar in die oosterse tye het hulle dit uitgeskryf op papier, en hulle het 'n dier doodgemaak, en tussen die dooie stukke dier gestaan, die stuk papier geskeur, dit vir elkeen gegee. En wanneer dit bymekaar gebring was, moes elke stuk van daardie papier met die ander ooreenstem.

35 Pragtig! God het Christus geneem, op Gólgota, Hom uitmekaar geskeur, Siel en Liggaam. Hy het dit, die Liggaam, opgestuur na Sy regterhand, en die Heilige Gees teruggestuur. Die verbond met die mense! En jy glo, deur geloof, soos Abraham het, en hy is die seël van besnydenis gegee as 'n bevestiging van sy geloof. En jy glo en aanvaar Jesus as jou Verlosser, dan gee God jou die doop van die Heilige Gees as 'n bevestiging van jou geloof.

36 Jy sê jy "glo, en het nie die Heilige Gees ontvang nie"? Iets is verkeerd met jou geloof. God besny die hart die oomblik wat die gelowige regtig tot volle oorgawe kom. Amen. Sê, Daardie, wel, sekerlik moes iets gedoen het, ek het dit selfs voel terugkom. Begryp dit! Wanneer die gelowige. . . Hier is dit nou! Wanneer die gelowige vas glo aan die Here Jesus Christus, is God onder verpligting om hom die Heilige Gees te gee. Bevestiging van sy geloof! Sê: "Wat makeer, Broer Branham?" Net jou geloof, dis al. As jy regtig glo, is God daar om Dit vir jou te gee.

37 "Terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval wat die Woord gehoor het." Is dit reg? Handelinge 10:49. Goed, let op, die Heilige Gees en Vuur het uit die Hemel gekom, al die onsuiwerheid uitgebrand, die hart besny, al die oortollige afgesny, en 'n nuwe skepsel geword.

38 Nou, dan vind ons dat na vierhonderd jaar. . . Gisteraand het ons die tipe van die aartsvaders gehad. Weer tussen die lyne ingegaan en gesien hoekom hulle begrawe wou word in—in beloofde land. Het julle daarvan gehou? Dit geniet? Wel, nou dis nie net daar geskryf nie, maar julle sien dit.

39 Soos ons van Abraham gepraat het, en hoe God vir Sara en Abraham geneem het toe hulle 'n honderd jaar oud was, en hulle weer terugverander het na 'n jong man en vrou, en hulle hierdie baba gegee het. Dit was soort van moeilik om te sien, eers. Maar na jy na die Skrifte kyk, daar verder kyk en uitvind wat gebeur het, sien jy dis die Waarheid. Wat het Hy gedoen? Sy Woord bevestig, dat ons eendag, wat oud en grys en geplooi word, eendag sal ons weer terugspring na 'n jong man en jong vrou. God het ons lewe gegee, en ons het wasdom bereik, die dood het ingetree, ons weggeneem. Maar al wat die dood kan doen, is om ons weg te neem, dan is dit verby. Dan het al die—die ou twyfeldeel en alles, dis soos die menslewe daarin wat uitgegaan het, dan is daar niks oor behalwe volmaaktheid nie. Wat hierdie liggaam was toe dit in volmaaktheid was, wat God se bedoeling was wanneer dit opstaan in die opstanding, sal dit volmaaktheid wees. Amen. O, wanneer ek daaraan dink, slaan my hart net bollemakiesie! Ja. Dis nie net 'n mitiese droom nie. Dis SO SPREEK DIE HERE! God het so gesê, dan sal ek my lewe net daarop baseer. Ja, meneer. God het so gesê, dit handel dit vir altyd af. Uh-huh. Dis gevestig in die Hemel, en as 'n klein stukkie Hemel in ons hart is, behoort dit dit daar af te handel. Dis al. Dit maak dit net reg. "God, U het so gesê. Ek glo Dit, en dis net al, dis genoeg."

40 Nou, nou bring ons hulle af net voor die reis. En ons vind daar uit dat toe Moses (ons het dit gisteraand gehad) afgekom het in die trop van Jetro se skape, en ons het uitgevind dat God met hom gepraat het. En Moses wou Sy Heerlikheid sien. En God het vir hom Sy Heerlikheid gewys, en dit het wonderwerke gedoen, en Goddelike genesing. Is dit reg? Dit moet God se Heerlikheid

wees. Praat van Shekinah Heerlikheid, ons behoort Dit vanaand te hê!

41 En, broer, ons, die hele Christendom, soek na die Koms van die Here en die Wegraping van die kerk, almal wat enige kennis van die Woord het. Wel, as ons nie genoeg geloof kan hê vir Goddelike genesing nie, hoe gaan ons 'n wegrapingsgeloof hê? O, ek glo daar's 'n groot geroep wat uitkom. Ek glo soos Dawid gesê het, hy het daar gelê en wag totdat, hy het geluister en gewag. Naderhand het hy die rukwind deur die moerbeiblare hoor gaan, wat omgaan. Hy het geweet God gaan voor hom uit. O, broer, ek luister vir die geruis van die blare, die geluid in die moerbeibosse. God gaan voor die stryd uit, laat ons dan opstaan en die volle wapenrusting van God aantrek, die swaard uittrek, agter dit aangaan! Dan behoort die stryd aan ons. Wanneer ons die hand van God sien aanbeweeg, deur tekens en wonders, laat ons begin volg.

42 Nou, later, vind ons uit dat Moses baie besig geraak het met sy kerkwerk, en hy iets vergeet het. Die mees fundamentele ding wat hy—wat hy—wat hy moes gedoen het, het hy vergeet. Hy het geneem, reg op die vooraand van verlossing, het hy sy seun na Egipte toe geneem, onbesnede. En Sippóra. . . God sou hom in die herberg doodgemaak het, maar Sippóra het die kind besny. Die seël van die verbond, sien julle dit? Voor daar verlossing kan wees, moet elke persoon in die verbond wees, want God het vandag 'n verbond. En so besny Sippóra die kind, die verbond, en het die toorn van God gekeer.

43 En, vriende, vandag, het ons almal groot herlewings, of probeer hê, maar ons vergeet God se Seël van die verbond, die Heilige Gees, die verwerpte Steen, die einste. . . die Sement wat meng en die blokke aanmekaar plak. Hoe gaan ons dit doen Daarsonder? God het gesê: "Dit sou gebeur dat Ek My wette op die tafels van hulle harte sal skryf. Gebod moet op gebod wees, reël op reël, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie. Hou vas aan dit wat goed is. Met lippe wat hakkel en met ander tale sal Ek met hierdie volk spreek, en dit is die Rus." Jesaja 28. "Dit alles wou hulle nie hoor nie; weggedraai, hulle kop geskud." Die mens wat sy pad na vernietiging toe veg!

44 Dan vind ons dat nadat die toorn van God afgeweer is, hulle nou onder in Egipte is om die kinders van—van Israel te verlos. Ek dink hierdie is 'n pragtige hoofstuk. Ek moet in elk geval net 'n bietjie daarvan lees, as ons nie by alles daarvan uitkom nie. Die 12de hoofstuk, kom ons begin nou, uit Eksodus 12, lees, en net vinnig maak. Ek sal probeer om julle nie moeg te maak nie, want ons het nog 'n lang tyd om te gaan.

*En die* H*ERE het met Moses en Aäron gespreek . . .*

45 Ek sal net 'n oomblik wag sodat julle seker sal wees julle kry die lees van die Skrif. Want, as julle dit mis. . . Sulke pragtige

tipes! Ek hou daarvan. Nou, hier's die offerande waarvan ons nou gaan praat.

46 Nou, hulle het plaag na plaag gehad, God het allerhande soorte wonderwerke en tekens gedoen. O, hoe ek graag 'n rukkie daarop sou wou ry! God, net op die vooraand van verlossing, begin tekens en wonders en wonderwerke wys. Sien, God is altyd 'n lewende tyd. Hy het vir Moses gesê: "EK IS." (Nie "Ek was" of "Ek sal wees" nie.) "EK IS" nou, teenwoordige tyd. En Hy's dieselfde EK IS vanaand. (Nie "Ek was destyds daar" nie.) "EK IS!" Die Engel van die verbond, steeds dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dieselfde Engel.

Let nou op, hier is die laaste.

47 Hulle het vlooie gehad, hulle het vlieë gehad, hulle het swere gehad. En, ek wil hê julle moet oplet, hulle het nabootsers gehad. Jambres en Jannes, wat hulle probeer weerstaan het, dieselfde dinge gedoen het wat hulle gedoen het, totdat dit so lank aangegaan het. Met ander woorde, hulle het die Evangelie verkondig, hulle het voortgegaan om te probeer naboots soos Moses en Aäron. Maar ek wil hê julle moet nog iets oplet. As julle wat nou gaan lees, waar ons gisteraand opgehou het, vanaf die 6de tot die 12de hoofstuk. Hierdie towenaars, hulle kon die dinge bring, maar hulle kon hulle nie wegneem nie. Het julle opgelet?

48 Wie was daardie kêrel nou die dag, wat die Bybel probeer weerspreek het, deur te sê: "Die duiwel kan wonderwerke van genesing doen"? Dis verkeerd.

God het gesê: "Ek is die Here jou God Wat al jou krankhede genees."

49 Jesus het gesê: "As 'n huis teen homself verdeeld is, as Satan vir Satan uitdryf, dan is sy koninkryk verdeeld." Julle moenie die duiwel onderskat nie. Dis reg, hy's te slim daarvoor. Satan gaan homself nie uitdryf nie. Hy het jou net verwar, dis al. Nee, meneer, Satan kan nie vir Satan uitdryf nie.

Ek myself uitdryf? Wel, ek weet beter as dit.

50 Let op, en julle moet ook nie vir Jesus Christus onderskat nie, want Hy is die Mag bo alle magte. Moenie bang wees vir Satan, solank jy in Hom is in. Maar as jy nie in Hom is nie, beter jy bewe. Maar as jy in Hom is, kan selfs die dood self, jou nie skaad nie. Jy is vry van alle vrees. O, wanneer ek daaraan dink, wil ek skree "Halleluja!" Amen. Goed.

51 Nou kom ons af na die laaste plaag, laaste ding. God het gesê: "Ek is moeg om nou te speel. Ek gaan die laaste plaag gee." Nou ek wil hê julle moet oplet, die laaste plaag was die dood.

52 Nou, ons het aardbewings gehad, ons het oorloë en gerugte van oorloë gehad, ons het getygolwe gehad, soos Jesus gesê het sou wees, die see wat dreun, mense se harte wat beswyk, meer hartprobleme (nommer-een siekte), vrees, tyd van benoudheid,

spanning tussen die nasies, waens sonder perde op die breë paaie, al hierdie dinge wat vervul is. Maar die laaste plaag is dood; nie fisies gesproke nie, maar geestelik gesproke.

53 Dood, geestelik, in die kerk. Julle let op dit was onder die seuns, geestelike dood. Die kerk het meer lidmate as wat dit ooit gehad het, floreer meer as wat dit ooit het, en tog die swakste in gees wat dit ooit was. Dis waar. Dis net soos dit was in Egipte. Nou let op die laaste ding.

54 Maar voordat, (o, amen) voordat God die geestelike doodreën laat val het, het Hy ’n uitkoms gegee vir diegene wat wou. Halleluja! O, hoe ek daarvan hou, God wat ’n ontsnappingsweg maak vir hulle wat graag daarin wou wandel. Nou, hulle wat nie wou nie, goed, hulle—hulle het die dood gekry.

55 Let nou op die 12de hoofstuk, die 1ste vers, Moses.

> *En die* Here *het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek, en gesê,*
>
> *Hierdie maand moet vir julle die begin van maande wees: dit moet* vir *julle die eerste van die maande van die jaar wees.*
>
> *Spreek tot die hele vergadering van Israel, en sê, Op die tiende dag van hierdie maand sal hulle vir hulle elkeen ’n lam neem, volgens die huis van hulle families, ’n lam vir ’n huisgesin:*
>
> *. . . as die* huis *te klein is vir ’n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste* aan *sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na* die *wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle* die *getal op die lam bereken.*
>
> *Julle moet* die *lam hê sonder gebrek,* (hoe pragtig!), *’n rammetjie . . . jaaroud—jaaroud:* (kyk) van onder *die skape,* en . . . *die bokke kan julle dit neem:*
>
> *En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand, en die . . .* (dit sou vier dae wees), *en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.*

56 Hou die tipe dop. Die lam, figuurlik gesproke, die Lam van God, die Versoening net voor die vernietiging. Let op, dit moet ’n jong lam wees, dit moet manlik wees, die eerste van die moederooi. Dit was Jesus, die eerste van die maagd Maria. Moet sonder gebrek wees, dit moet bewaar word en beproef word, om te sien. En, o, hoe perfek het dit Hom nie uitgebeeld nie, Hy was die Volmaakte Een. Hy, elke vyand moes getuig dat Hy was. Selfs Pilatus het gesê: “Ek vind geen fout in hom nie. Bring vir my water.”

57 Let op, julle praat van Hom! Ek sou vanaand kon roep en sê: “Sagaría, wat dink jy van Hom?” Hy sou sy beskrywing gee.

Ek kon selfs vir Eva roep, sy kon sê: “Dit, Dit was die Saad wat belowe is, deur die vrou.”

Ek kon vir Daniël roep, en sê: “Daniël, wat van jou? Ek sal Hom verhoor saam met jou.”

Hy sou sê: “Hy is die Rots wat uit die berg gekap is.”

“Hy’s die Een wat ek gesê het: ‘Vir julle is ’n Kind gebore, ’n Seun gegee.’”

58 Ek kon vir Eségiël roep, en sê: “Wat dink jy van Hom?”

Gesê: “Ek het Hom gesien soos wolke, onder Sy voete, wat beweeg.”

59 Ek kon vir Johannes die Doper roep, en sê: “Wat dink jy van Hom?”

60 Hy sou sê: “Ek het Hom nie eens geken nie, maar Hy wat vir my in die woestyn vertel het, gesê het: ‘Op Wie jy die Gees sal sien neerdaal en bly, Hy’s die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur.’”

61 Ek kon vir Maria roep, en sê: “Maria, wat dink jy van Hom?”

Maria sou sê: “Ek het nie eens ’n man geken nie; maar die Heilige Gees het my oorskadu, en gesê: ‘Dit wat in jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word.’”

62 Ek kon daardie verskillendes noem. Ek sou vir die Romein sê: “Wat dink jy?”

Julle sê: “Wel, Sy vriende sal getuig. Wat van Sy vyande?”

63 Kom ons roep vir Pilatus. Na hy ’n pan geneem en sy hande gewas en gesê het: “Ek vind geen fout in Hom nie, maar neem Hom weg, doen wat julle ook al wil,” politieke guns probeer vind, hy het homself doodgeval daarbo in Noorweë, in Swede. Wanneer, elke jaar gaan hulle soontoe om daardie blou water weer te sien opborrel, en maak aanspraak dat dit die water is wat hy sy hande van Christus gewas het. Jy kan Hom nie van jou hande afwas nie. Nee, meneer, jy kan nie.

64 Ek het na die Romeinse hoofman oor honderd gekyk: “Wat dink jy van Hom? Jy’s een van Sy vyande.”

Hy het sy hand op sy hart gesit, en gesê: “Waarlik, dit is die Seun van God!”

Pilatus het gesê: “Ek vind geen fout in hom nie.”

65 Eers, het hy daar gestaan, baie erg, o, hy was gereed om te veroordeel en alles. Ek hoor ’n perd in die straat aangehardloop, afgegallop kom. Hier kom een van die tempelwagte. Hy spring van die perd af. Hy het ’n opgevoude stukkie papier. Hy hardloop op voor Pilatus, en buig, gee hom die stukkie papier. Ou Pilatus neem dit, julle weet. En dit was vroeg daardie oggend, soort van, hy het nog nie sy koffie gehad nie. Hy het daar opgekom en gekyk, hy begin wit word, sy knieë het teen mekaar begin klap. Kom ons

kyk oor sy skouer en kyk wat die probleem is. Wat geskryf is op daardie stuk papier, sy heidense vrou het gesê: "Moet niks te doen hê met hierdie Regverdige Man nie, want ek het baie dinge gely in 'n droom vandag as gevolg van Hom."

"Ou Judas Iskariot, wat dink jy van Hom?"

Hy het gesê: "Ek het Onskuldige Bloed verraai." En hy het 'n tou gekry en was mans genoeg om homself te gaan hang. Hom beproef.

"Wat dink U van Hom, God?"

"Dit is My geliefde Seun, luister na Hom!"

66 Bewaar, geen fout in Hom nie. Sekerlik. Eerste een van die ou moeder, die moederooi, was die lam. Jesus was die eerste Kind van die maagd, met 'n maagdelike geboorte gebore. Natuurlik, moes Hy 'n maagd wees.

67 Let hierna op, nou ek wil hê julle moet weer oplet dat die hele gemeente hom sou doodmaak, die gemeente, die hele gemeente. Nou, as julle sal oplet, kyk hoe dit lui, julle kan sien dis 'n voorafskaduwing. Nou kyk.

> . . . veertien *dag . . . hierdie maand: en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.*

68 En, julle sal oplet, die hele Israel het daar gestaan en gesê: "Weg met hom! Laat sy bloed op ons en op ons kinders wees." Hulle, van Kajafas af die heelpad ondertoe, het getuig van Sy dood. "Weg met hom! Gee ons Barabbas." Het julle dit opgelet? En Hy het gesterf om drie-uur in die aand: "Hulle sal dit doodmaak in die aand." Hoe pragtig!

> *En hulle moet . . . die bloed neem, en dit stryk* op die . . . poste van die deur en op die—die *pos van die* huis, *waarin hulle dit eet.*
>
> *En hulle moet die vleis in* die *dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai, . . . ongesuurde brode; en* sal hulle *dit met bitter kruie eet.*

69 Ek wil hê julle moet nou oplet. Verdra my.

> *Julle moet* daarvan nie *eet as dit rou is,* of as dit in *water* gaar gekook is nie, *maar oor die vuur gebraai;* sy *kop . . .* sy *pootjies, saam met* sy *binnegoed.*
>
> *Julle mag ook niks daarvan laat oorbly tot . . . môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre toe* oorbly . . . *moet* julle *met vuur* verbrand.

70 Let op, pragtig! "Nou, na julle die lam doodgemaak het, vang sy bloed op, en sit dit aan die bo-drumpel, dis die bo-stuk hier, en aan die deurposte. Nooit aan die drumpel, op die vloer nie; maar, aan die poste en aan die bo-drumpel." As julle dit sal oplet, dis die volmaakte Kruis. O, goeiste! Hy het gesê: "En wanneer

Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan." Let op, wat 'n dag! O, sondaarman, vrou, seun of meisie, laat dit in jou sondige hart insink. Net voor die Koms van Christus, is dit tyd dat ons oorweeg, onsself nagaan, kyk.

71 Nou Hy het gesê: "In die aand is dit doodgemaak." Die lam was aan die bin-. . . in die huis ingebring, gebraai; tipe van nagmaal, natuurlik. Nou het Hy gesê: "Kom in daardie huis in en moenie weer uitgaan, tot die oggend nie." Amen! Eenmaal onder die Bloed, halleluja, bly daar! Ek hoop julle begryp dit nou. Kom onder! Die huilende wolwe kan na die vensters toe kom.

72 Ek kan party van hulle hoor verbykom, en die jong dame sien wat inkom, sommige van die Egiptiese meisies, en sê: "Martha, gaan jy nie vanaand na die dans toe nie?"

"Ek het glad nie enige begeerte nie." Onder die bloed, iets het gebeur!

73 Die vader was die priester van die huis, in die ou heiligdom, die ou tyd. Die vader was altyd die priester, en hy moes waak oor sy huishouding. Wat 'n verskil vandag, die kinders waak oor die pa, in die moderne wêreld. Maar die vader moes oor sy huis waak. Hy het die lam doodgemaak, hy het die hisop geneem en dit aan die deure gesit, aan die bo-drumpel, en dit was hulle beskerming. Goed, hulle het binne gebly.

74 Ek kan die res van hulle sien gaan, baljaar en aangaan, sê: "Kyk na daardie klomp fanatici! O, met 'n ou skaapbloed aan die deur, wat hierdie hokus-pokus probeer sê: 'iets gaan gebeur.'" Maar dit het! Waarom? God het so gesê! Dit is altyd die waarheid wanneer God so sê.

Daar is hulle, onder die bloed. Hulle het geen begeerte gehad om uit te gaan nie. Amen!

Jy sê: "Begeerte, Broer Branham?" Dis reg.

75 "Want daar is dan nou," Romeine 8:1: "geen veroordeling vir hulle wat by die deur ingekom het nie." Amen! Ek "amen" nie myself nie, maar *amen* beteken "laat dit so wees"; en ek voel net so goed, ek moet skree "Amen!" Kyk, kom by die deur in! "Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Daar het julle dit, in Christus, wat begeer om te doen wat die Heilige Gees sê om te doen. Gee nie om wat die wêreld te sê het nie; geen veroordeling vir hulle wat in Hom is, wat wandel na die Gees nie.

Daardie Israeliete was almal daarbinne, tevrede. Amen. Hier is ons, kyk daarna, ek wil hê julle moet dit nou sien.

76 Naderhand kom daar wolke, begin opkom, woeste nag. Mense begin wonder: "Wat gaan hier aan? Soort van 'n snaakse gevoel."

77 Broer, as daar ooit 'n snaakse gevoel onder die nasies was, is dit vanaand! Iets maak gereed om te gebeur. Halleluja! Steeds

die lied: "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan." Vader, beter kyk na die deur vanaand, nagaan. Gooi daardie bierblikkies uit die yskas, daardie pak kaarte by die deur uit, en hou 'n biduur in jou huis. Jy mag diaken wees, jy mag trustee wees, jy mag *dit*, *dat*, of die *ander* wees, maar, kyk, wat ons vandag nodig het, is 'n outydse, God-gestuurde, Heilige Gees-gebore herlewing, wat die nasie sal regruk. Dis waar.

78 Ons het nie teologieë nodig, ensovoorts nie. Mense in hulle kerke, hulle probeer mooi groot kerkbanke maak, en groot pyporrels en dinge, sê: "Ek behoort aan *hierdie* groep, ek behoort aan *daardie* groep."

79 Ek is vanaand bly om te sê, soos Paulus van ouds, voor die koning: "Volgens die weg wat sekte genoem word, so aanbid ek die God van ons vaders." Halleluja! "Sekte, mal, dwaasheid," vir die wêreld. Maar glorieryk vir hulle wat in Christus is, en vreugde. "Dood," halleluja, ja, meneer: "verborge in Christus!"

Sê: "Wel, die duiwel het gekom en my gekry." Nee, hy het nooit! Jy het uitgegaan na hom toe.

80 Die Bybel het gesê: "Julle is dood. Julle lewe is verborge in God, deur Christus, verseël deur die Heilige Gees." Hoe kan die duiwel jou kry? Jy het uitgegaan. Dis reg, duiwel het jou nooit gekry nie. Let op, pragtig!

81 Kom ons gee net 'n dramatjie vir die kinders. Ons wil hê hulle moet dit ook begryp. Nou kyk. Hier is hulle in die huis. Dis amper daardie zero-uur. Dinge het begin gebeur. Ek sien hulle huis toe hardloop van die dans af. Hulle kom in. Hulle bring die . . . kom huis toe, die waens ry vinnig. 'n Sterk wind waai, hulle kan nie sê waar dit vandaan kom nie, dit warrel hierdie kant toe en daardie kant toe.

82 As daar nie nou so 'n tyd is nie, weet ek nie waar dit is nie. Hulle weet nie wat om te doen, *hierdie* kant toe en *daardie* kant toe nie.

83 En, voor jy jou kom kry, hoor ek 'n groot dreuning en gedruis deur die land kom. Ek sien 'n ou priesterlike vader wat op-en-af oor die vloer loop, net so standvastig as wat hy kan wees. Halleluja. Ek hoor 'n seuntjie sê: "Pappa, ek's die oudste in hierdie huis. Ek's soort van bang."

"Moenie bekommerd wees nie, seun, die bloed is aan die deur."

"Wel, wat's al . . . Ek het nog nooit die wind so hoor klink nie, Pappa."

"Dis die oordeel van God."

84 Dis waarnatoe ons nou op pad is! Ons het genade verwerp, en daar's niks oor behalwe oordeel nie. Wanneer jy die liefde van God verwerp, is daar niks oor vir jou behalwe oordeel nie. Dis reg, loeiende winde oral! "Waaroor gaan dit alles, benoude

tyd, spanning tussen volke?" Oordeel! Ja, jy kan 'n—'n goeie karakter in elke distrik sit, en jy kan dit steeds nie stop nie. Mans, hulle gaan drink, vroue gaan sigarette rook, julle gaan na julle vertonings toe gaan, julle kan bly aangaan soos jy altyd het, net soos 'n vark na sy rolplek en 'n hond na sy braaksel, geen respek meer vir God as niks in die wêreld nie. En die mense wat reg probeer lewe, julle noem hulle holy-rollers en fanatici, en alles, weet nie dat jou eie siel geweeg is in die weegskaal en op niks anders wag as oordeel nie. Ja, meneer.

Ek kan die kêreltjie sien sê: "Pappa, gaan uit en kyk, en maak seker dat die bloed daar is."

85 Ek kan die seuntjie en dogtertjie hande sien vashou, en na die venster toe gaan, sê: "Pappa, kom hier! Kyk hier!" Ek kyk, wat oor Egipte kom, twee groot swart vlerke wat heen-en-weer vou. Wat is dit? Dood. Ek sien dit neerdaal soos *hierdie*, ek hoor 'n gil opkom uit die huis. Daar was geen bloed daar nie, dood het die familie getref. Skeiding!

86 Dit gaan vanaand ook oor, broer. Nie fisies nie; geestelik. Soos hulle die natuurlike gelei het, lei Hy die geestelike vandag. Dit was 'n voorbeeld, 'n skaduwee.

87 Ek sien dit daar oorkant, en hoor die vrou uithardloop, skree, en die hele familie soos daardie. Die oudste seun was dood.

Ek kan die pappie hoor gaan . . . kleintjie sy pappa gaan skud, sê: "Pappa, Pappa, gaan kyk weer! Maak seker!"

Ek kan die ou vader sien teruggaan na die deur, en sê: "Ja, seun, sy's daar."

"Is jy seker ons is beskerm, Pappa?"

"Ja, meneer!"

"Hoe weet jy?"

"God het gesê: 'Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by jou verbygaan.'" Dis reg, kyk vir die bloed.

88 Hier kom die engele, wat weer beweeg. Ek sien dit opbeweeg, swenk van plek tot plek. Ek sien dit afduik en afgaan oor 'n huis, dan weer omdraai: "Ek het die bloed gesien."

Hier kom dit na hierdie huis toe, ek sien dit kom, en die kêreltjie sê: "O, Pappa, is jy seker?"

"Ons is heeltemal seker, seun."

89 En die engel glip af na die deur, sprei sy groot vlerke uit om in te gaan, dit sien die bloed en vlieg weg. Halleluja! Wat makeer? Hy het die bloed gesien.

90 Daarna, luister hier: "En julle sal eet en laat . . ." Net 'n oomblik nou tot ek hierdie duidelik kry, nou, waar ek wil lees. Net hier is ons, "En julle sal niks daarvan laat oorbly tot die oggend nie." Nou let op die 11de vers.

*En so moet* julle *dit eet; julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete,. . .julle staf in julle hand;. . .* (Broer, jy's gereed!)

91 Kom ons blaai net nou oor na Efésiërs, die 6de hoofstuk, net 'n oomblik, en lees net 'n bietjie hier oor hoe ons ook aangetrek moet wees, omtrent op daardie tyd. Goed, Efésiërs 6:12, julle wat dit neerskryf.

*Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen. . . heersers van. . .duisternis van hierdie wêreld, teen die bose geeste in die lug.*

92 Sien waar ons worstelstryd vandag is? Sien wat die doodsengel is? Dis geestelike krag, boosheid in hoë plekke, vername plekke, groot plekke.

*Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in* die—*die dag van onheil, en nadat julle alles volbring het, staande kan bly.*

Staan! *Staan dan vas, julle lendene* om julle *met die waarheid omgord,. . .*

93 Ek sal net daardie een tref, want ek wil terugkom by my onderwerp. Hou hom dop, hy gaan voort, en sê: "die borswapen, en die helm," en alles. Wens ons kon daardie soldaat hier vir julle aantrek, maar ons het nie tyd nie.

94 Laat ons net die lendene neem: "omgord met 'n gordel," dis die—dis die gordel wat die res daarvan aanmekaar hou. "Omgord julle lendene met Waarheid." In die dag, broer, wanneer daar allerhande soorte ismes en fanatisme is, is dit tyd om jouself met die Waarheid te omgord. Halleluja! Jesus het gesê: "Ek is die Waarheid." Die Waarheid!

95 Ek sê julle, wanneer mense sê: "Wat *hiervan*? Wat *daarvan*?" Is dit goed om daardie ou Waarheid om jou omgord te sien, (is dit nie?) te weet waar jy staan. Staan dan daar! Laat hulle sê: "Wel, jy het *dit*, *dat*, en die *ander*." Jy weet waar jy staan. Hê die volle Wapenrusting aangegespe, en met 'n—'n gordel *hier*om, goed en styf vasgemaak, en styfgetrek met die Waarheid van God se Woord geanker in jou hart.

96 Al die duiwels in die hel kan jou nie ontstel nie. Dis reg. Jy kan Satan ontmoet, sê: "Daar staan geskrywe." Halleluja!

"O, ek sê jou, broer, het jy slange opgeneem?"

"Nee, meneer. Ek glo Jesus Christus."

"Het jy *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen?"

"Nee, meneer. Ek het die doop van die Heilige Gees ontvang." Vasgegespe, 'n wapenrusting aan, omgord met Waarheid!

97 Nou, hulle was gereed terwyl hulle geëet het. God wil hê jy moet aantrek voor jy hierdie nagmaal eet. En, broer, voor jy dit

reg kan eet, moet jy aantrek. Want, die Heilige Gees wat in jou hart is, sal die Heilige Gees bring, lewe van die Woord van God.

98 Weet julle wat fout is met die kerk vandag, broers? Ek glo die kerk het in 'n bloedarmoedige toestand beland, die—die Bloed het daaruit uitgegaan. Byvoorbeeld, wat as ek 'n dokter was, en 'n yslike groot man, ses-voet lank, het gekom, en hy sou sê: "Sê, dokter, ek—ek—ek's so swak, ek kan nie opstaan nie. Ek—ek steier net rond"?

Ek sou sê: "Wat makeer?"

"Wel, ek weet nie. Ek's net so swak."

Ek sou sê: "Wel, nou, het sekere fisiese dinge . . .?"

"Ja, dis alles reg."

En ek sou sê: "Wel, wanneer laas het jy geëet?"

"Wel . . . "

"Jy's omtrent 'n honderd-en-tagtig pond man."

"Ek het eergister 'n halwe kraakbeskuitjie geëet."

99 Ek sou sê: "Man, jy's net dood van die honger! Gaan eet 'n goeie ordentlike maaltyd, en jy sal nie so swak wees nie."

100 En dis wat die probleem is met die kerk vandag. Ons is groot in getalle, maar, broer, ons is dood van die honger! Halleluja! Jy's bang die buurman gaan iets sê. Wat ons nodig het, is 'n goeie outydse, Heilige Gees skudding. Halleluja! Albei hande op in die lug, en sê: "Here, voed my!" Die gordel en wapenrusting aan, wat voortmarsjeer.

101 Die fenomeen is gedoen. In die 38ste vers lees ons dit.

> *En 'n gemengde menigte van gemengde bloed het* ook saam *met hulle* opgetrek; *en* die *kleinvee en* die *beeste,* . . . van die *vee.*

102 Broer, 'n gemengde menigte! Die fenomeen is gedoen, 'n groot herlewing was aan. Mense is gered, het ingekom. En 'n groep het opgegaan, dit nageboots, hulle het opgegaan, gemaak asof hulle gelowiges was. Sekerlik, hulle het hulle sandale aangetrek en alles, en gereedgemaak. Maar daardie selfde gemengde menigte wat nagmaal geneem, en voortmarsjeer het, was die einstes wat begin murmureer het en die kinders (van hart) van Israel, hulle harte, weer laat teruggaan het na Egipte. Dis wat dit vanaand is, broer. Hou 'n herlewing, en daar sal 'n gemengde menigte wees, so seker soos enigiets. Party van hulle sal probeer inkom, naboots. Wanneer jy praat van voorbestemming . . .

Iemand het my nou die dag geskakel, gesê: "Wat dan daarvan, as God voorbestem het?"

Ek het gesê: "Lees net Romeine, die 8ste hoofstuk, en 9de, en jy sal verstaan." En ek het gesê: "God is barmhartig oor wie Hy barmhartig wil wees."

"Wat help dit dan om te preek?"

Ek het gesê: "Dis my en jou besigheid, as predikers."

103 Jesus het gesê: "Die Koninkryk van God kan vergelyk word met 'n man wat see toe gegaan het, met 'n net in sy hand. Hy het die net uitgegooi, in, hy het dit ingetrek. Dit was die Evangelie. Daarin het hulle seeskilpaaie, watergoggas, slange, groen paddas, slange, al die res gehad. En hy het 'n paar visse daarin gehad! Halleluja!

104 Voor jy jou kom kry, wanneer die herlewing verby is, en die Evangelienet afkom, het die ou seeskilpad gesê: "Ek het geweet daar was niks Daaraan nie." Die ou watergogga het gesê: "Ek glo dit, ook," reguit terug na die. . .vark, reguit na sy rolplek. Die slang sê: "Ek het Dit in die eerste plek nie geglo nie."

105 Maar daar's 'n paar visse ook daar! Halleluja! Halleluja! Dis tyd vir predikers om die Evangelienet te gooi, dit in te trek. God weet wat vis is. Hy was 'n seeskilpad, van die begin af; en hy was 'n vis, van die begin af. God weet wie is wie, nie ek nie. Dis my besigheid om die net in die stroom te gooi, hulle op te trek, te sê: "Hier is hulle, Here." Halleluja! Amen. Sekerlik, dit is, dis die Evangelienet.

106 Julle ken die dag vandag. Ek het hier nie lank gelede nie, na 'n plek toe gegaan, hulle het gesê: "Ons gaan nagmaal hê." En hulle het 'n ou stuk brood geneem, en dit opgesny soos *hierdie*, in stukke, en dit uitgedeel onder 'n klomp mense daar, en almal in die kerk wat nagmaal geneem het. Broer, dis nie reg nie. Jou hart moet reg wees met God voor jy nagmaal neem.

107 Jesaja het daarvan geprofeteer, die 28ste hoofstuk en die 8ste vers, as julle dit wil opsoek. Hy het gesê: "Die tafels is vol braaksel, al die vuilheid en onreinheid oral." Hy het gesê: "Vir wie kan ek Doktrine leer? Vir wie kan ek begrip gee? Hulle wat gespeen is van die bors!" Ons ou babatjies hieragter wat rondspeel, wanneer ons iemand anders die kragte van God behoort te leer, stry ons nog steeds oor of dit reg is om *dit* of *dat* te doen. "Tafels vol braaksel!"

Ek kan nie daar stop nie. Kom ons gaan aan, ek moet by die plek kom. Goed.

108 Hulle het hulle wapenrusting aangehad, hulle gordels, hulle het uitgemarsjeer. Hulle het reg tot by die Skelfsee gekom. Farao was bly om hulle te laat gaan. En toe hulle by die Skelfsee gekom het, daar het hulle sy leër sien kom, wat hulle agtervolg. En daar was hulle, gekamp net daar, die berge en woestyne aan *hierdie* kant, Farao se leër wat van *hierdie* kant af aankom, die Skelfsee voor hulle. Maar God se pad het deur die Skelfsee gelei. Solank ek weet Sy pad lei, is dit al waarvoor ek omgee, hou net aan loop. Gesê: "Moses," Halleluja: "neem daardie staf, loop af na daardie water toe." Amen!

"Wat gaan gebeur, Here?"

"Dis nie jou besigheid nie. Hou net aan loop!" Amen.

109 Preek die Evangelie, Tom Merideth en die res van julle kêrels. "Wat gaan gebeur?" Dit het niks met jou te doen nie; hou net aan preek! Prys God.

110 Hier gaan hulle, beweeg af soontoe. Een van die skrywers het gesê dat God in daardie Vuurkolom was: "En Hy het afgekyk deur kwaai oë." En gesê: "Toe Hy het, het die Skelfsee bang geword en begin terugbeweeg, en Israel het op droë grond deurgegaan." Hulle voete was nooit eers vol modder nie.

111 Wel, hierdie kêrels het aangekom, gesê: "Ons is net so menslik as wat hulle is, en ons aanbid dieselfde as wat hulle aanbid, so ons sal dit doen." En toe hulle daarbuite gekom het, het hulle uitgevind hulle kon dit nie maak nie.

112 En dis wat gaan gebeur een van hierdie dae, broer, wanneer die skeidingstyd kom. En aan jou, jou louwarm kerklidmaat, wat jy Christelikheid probeer naboots, een van hierdie dae gaan jy probeer om daardie Heilige Gees groep te volg, en jy sal uitvind jou wiele sal afkom daar oorkant in die modder iewers. Dis reg. Daar was tien maagde wat die Here gaan ontmoet het, vyf van hulle was wys, en vyf dwaas. Sit Olie in jou lamp, knip haar skoon, een van hierdie dae gaan hulle op. En daar was geween en geweeklaag, en gekners van tande!

113 En daardie onbesnede Egiptenare, hoekom kon hulle dit nie maak nie? Hulle was nie besny nie. Hulle was nie in die verbond nie. As hulle besnyde gelowiges was, sou God hulle moes herken het net soos Hy Israel herken het. Glorie! O, ek wens ek was nou twee keer my grootte. Ek voel godsdienstig, ek voel regtig so. Let op, hulle was onbesnedenes. Hulle was nie in die verbond nie, al was hulle mans. Hulle was net so mooi aangetrek, en beter. Hulle het net so goed gelewe. Hulle het beter huise gehad. Hulle was in 'n beter klas mense, wêreldsgewys. Hulle het kerk toe gegaan net soos die res van hulle het. Hulle het reguit saamgegaan. Moenie vir my sê hulle het niks van God af geweet nie. Josef het hulle alreeds vertel en die nuus daar versprei, vierhonderd jaar tevore. Hulle het beslis. Maar hulle het gedink: "Daardie klomp fanatici, ons kan enigiets doen wat hulle kan." Maar hulle het gefaal. God het net die besnydenis herken. Daar het hulle gegaan.

114 Geen wonder ou Dawidjie het gestaan, gesê nie: "Wil julle vir my sê dat die leërs van die lewende God hier sal staan, daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God laat uitdaag?" Hy het gesê: "Trek vir my iets aan, laat my gaan." Ja, meneer. Gee ons nog Dawids.

115 Toe hulle oor die stroom gekom, aan die ander kant gekom het. Het God dit net toegemaak, daar was die ou slawedrywers. Kan julle julle voorstel hoe daardie Jode gevoel het? Daar teruggekyk, en daar was die einste ding wat gemaak en hulle

gegésel en hulle rug stukkend geslaan en hulle oorgetrek het soos *hierdie*, wat dood was, in die see gedryf het.

116 Broer, wanneer jy deur die skelfsee van die Bloed van Jesus Christus kom, elke ou vuil gewoonte wat jou gedryf het na dinge wat jy nie wou doen nie, jy sal dit dood vind in die Bloed van Jesus Christus, (halleluja, dis reg), wat afdryf in die stroom.

117 Geen wonder Moses het in die Gees gekom nie! Nou, julle praat daarvan dat ons een of ander nuwe soort godsdiens het, kyk hierna. Miriam, ’n profetes, sy het daar uitgekyk, sy het ’n tamboeryn opgetel, en sy het begin slaan en dans, en sy het afgegaan op die walle van die see, gedans, hierdie tamboeryn geslaan. En die dogters van Israel het haar gevolg, gedans en gesing, en hierdie tamboeryn geslaan. En Moses het sy hande opgesteek, en so weggevoer geraak in die Heilige Gees totdat hy in die Gees gesing het. Halleluja! Dis reg. Dis reg.

118 Daardie selfde Heilige Gees, wat op Moses was, is in hierdie gebou vanaand. Halleluja! Dieselfde Een wat Miriam laat dans het, is hier vanaand. God is God, en verander nie. Ja, meneer.

Dan sê julle: “Kyk na daardie klomp fanatici.”

119 Maar daar was toe niemand wat gespot het nie, hulle was almal weg. Hulle het dit alles vir hulleself gehad. O, dit sal glorieryk wees! Het ’n wonderlike tyd gehad. Kyk na hulle. Kom ons hou hulle nou vir ’n paar minute dop, as ons hulle kan kry by “die Rots” binne die volgende paar minute, as ons moontlik kan. Ek’s nou laat, verskoon my. Maar ek voel net so goed, ek kan nie net nou ophou nie, so hou net ’n oomblik uit, as julle sal. Kom ons kyk ’n bietjie na hulle. O, ek hou daarvan om hulle dop te hou.

120 Na die groot lied verby was, en die groot geroep, en ’n halleluja gehad het, lekker tyd, het hulle deur die wildernis begin gaan, en hulle reguit na bitter waters gelei. Is dit nie vreemd nie? O, goeiste! Reg in versoeking in, reg na waar die waters bitter was en hulle nie kon drink nie. Hulle het niks gehad om te eet nie. Niks om te eet nie, en die waters was bitter. En, kyk, daardie stroom van *Mara*: “bitter waters,” het reg op God se pad gelê, Hy het Sy kinders gelei. Is dit nie vreemd nie? Gelyk asof God dit sou omseil het, maar Hy het hulle reguit na daardie water toe gelei.

121 “Party deur die waters, party deur die vloede, party deur diep beproewinge, maar almal deur die Bloed.” Dis God se manier om Sy mense te lei.

122 Ja, daar gestaan: “Wat kan ons doen?” Halleluja! “Ons het die Here gevolg. Ons het deur die bloed gekom. Ons het onsself geskei.”

123 Moses het gesê: “Staan stil!” Dis reg. En in elke versoeking sal Hy ’n uitkoms gee. Daar het ’n bossie daar aan die kant gestaan. Halleluja! Hy het daardie bos afgekap en dit in die

water gegooi, en daardie water het soet geword, opgeborrel, vreugdevol. Watter, nog 'n, uitroeptyd het hulle gehad! Amen.

124 Net wanneer die duiwel jou in 'n hoek druk, sê: "Ek het hom net nou. Man, hy kan nie nou beweeg nie. Ek het hom net nou." Dan sal die Here kom, en die Kruis sal voor ons val, en (halleluja) daar sal ons gaan. Dokter sê: "Kan niks vir jou gedoen word nie." O, goeiste! O, iemand het gesê: "Jy weet, jy raak mal, jy sal jou verstand verloor," of so-iets, dan sal God kom, 'n seëning op jou uitstort. Vergeet net daarvan. God weet waar Hy lei. Amen. Sjoe! Ek het 'n vreeslike tyd hier, ek sê julle.

Let op, hulle het niks gehad om te eet nie. Daardie bietjie brood wat hulle gehad het, hulle het dit klaar opgeëet. "Wat gaan ons nou doen?"

Gesê: "Gaan almal van julle bed toe, en vas vanaand." Het julle dit al ooit probeer? Dis partymaal goed.

125 En die volgende oggend, het hulle uitgegaan, en daar het klein wafeltjies oral op die grond gelê. God het klaar 'n bietjie brood uit die Hemel laat reën. Wel, hulle het dit opgetel en dit begin proe. Wel, dit sê: "Dit smaak soos heuning en wafel." O, goeiste! Wat doen dit? "Smaak soos heuning." Hulle het dit begin eet. Gesê: "Wel, dis lekker." En hulle het net begin bymekaar maak en eet, vir al wat hulle werd was. Smaak soos heuning in die Rots!

126 Julle weet, ek het altyd gesê Dawid, met daardie klein skaap. . .skaapwagter se slingervel of 'n sak, sakkie wat hy gehad het, hy het altyd heuning daarin gedra, julle weet. En wanneer ook al sommige van sy skape siek sou word, sou hy die heuning daaruit haal en sou hy dit op 'n kalksteenrots vryf—vryf, wat 'n ou geneesmiddel was. En voor jy jou kom kry, sou die skape daar opkom en begin lek aan daardie rots. En wanneer hulle aan daardie rots gelek het, hulle die heuning afgelek het, sou hulle die kalksteen lek en genees word. Is dit nie wonderlik nie?

127 Wel, ek het 'n hele sak vol heuning hier vanaand, en ek gaan dit op die Rots, Christus Jesus sit, en al julle skapies begin lek aan daardie Rots: "lek, lek, lek," en julle sal beslis daaruit kom. Halleluja! Ja, meneer. O, ja, meneer. [Leë kol op band—Red.]

128 Om te hou solank as wat hulle op die reis was! En dit het, dit het nooit opgehou nie! Nou, hulle moes net genoeg bymekaar maak elke aand om te hou tot die volgende aand. As hulle enige oorgelos het, gesê het: "Nou sal ons baie bymekaar maak vanaand, ons sal nie môre-aand teruggaan na die herlewing toe nie. Ons sal net baie bymekaar maak vanaand, en dan sal ons môre-aand baie oor hê by die huis." Nee, nee, dit het wurms daarin gekry. Ja, meneer.

129 Dis wat fout is met baie mense se ondervinding. Jy sê: "Wel, broer, ek het altyd die vreugde gehad." Jy het iets probeer

opgaar. Broer, wat ek gisteraand gehad het, is verby. Wat het ek nou! Halleluja! Amen. Party mense se ondervinding is soos die gebarste reënwaterbak, julle weet. Dis reg. Laat ons 'n nuwe biefstuk kry elke aand, 'n nuwe tree gee elke aand. En dit het verteenwoordig. Dis presies die waarheid, broer. Dis reg. Wat ons nodig het, is 'n outydse Heilige Gees . . .

130 O, ons het baie kerke, o, goeiste, goeie lidmate. O, baie geld in die kerke deesdae, sekerlik, soveel as wat jy wil, om die kerk te laat aangaan. Ons het dit alles, maar ons het geen Vuur nie.

131 Kan julle julle voorstel om hier af te gaan na die treintrokwerke en 'n mooi groot ry lokomotiewe hier bou, en 'n goeie geleerde man kry wat weet hoe om dit te bestuur, hom op 'n sagte sitplek laat sit, en al die mense wat in is, sê: "Wel, laat ons gaan." En stoot, stoot, niks om aan die gang te kom nie. Hy steek sy hand uit, sê: "Beter die fluitjie trek." Hy het nie eers genoeg stoom om te fluit nie. Dis reg.

132 Baie mense het nie eens genoeg stoom om "Amen" te sê nie. Julle kan dit verniet kry. O, halleluja! Wat ons vanaand nodig het! Luister, beskawing het gekom deur vuur, gaan terug en vind die stamme wat vuur gebruik het; vuur maak my klere, vuur maak die lig, vuur maak my middagete gaar, alles kom deur vuur. As jy in moderne beskawing lewe, lewe jy deur vuur. As jy in die Goddelike Teenwoordigheid van God lewe, word jy gedoop met die Heilige Gees en Vuur. Halleluja! Reg.

133 Hulle het 'n bietjie stoom daar ingegooi, broer, net 'n ou klein stoomketeltjie, wat kook en skiet, en spring en borrel. Voor jy jou kom kry, trek jy die fluitjie, en daar gaan sy af op die spoor. Dis reg. Dis wat ons nodig het.

134 Herinner my aan een keer, wat ek en my broer hierbo by Lancassange Creek was, en ons het aangestap, ons het 'n ou skilpad gehad. En dit was die vreemdste ding, hy sou daardie voete gooi wanneer hy geloop het.

135 Ek het vir my dogtertjie twee van hulle gekry, nou die dag, omtrent *so* groot. Ek het vandag daar gestaan en daardie kêreltjies dopgehou, en ek het gelag. Hy sou sy kop probeer vryf met sy voet soos *daardie*. Ek het na hom gekyk. En net sodra jy aan hom raak, of iets, sou hy "shhuu" maak, reguit terug in die dop.

136 Dis net hoe dit is met sommige van hierdie ou koue formele godsdiens wat julle vandag het. "Ek sal nooit weer teruggaan na daardie herlewing toe nie," shhuu! "Ek behoort aan die Presbiteriaanse, die Metodis, die Lutherse, ek behoort *hier*aan. Halleluja. Hy van my verskil, is ek—is ek weer terug in die dop." Gaan aan. O, daardie ou geslote, skilpadgodsdiens.

137 Ek het gesê: "Ek sal hom regsien," en ek het hom onder na die stroom toe geneem. Eers, het ek 'n stok gekry, ek het hom probeer slaan, dit het glad nie gehelp nie. Het net glad nie gehelp

nie, hy het net daar gelê. En ek het hom net so hard geslaan as wat ek kon, hy het net daar gelê. (Jy kan Dit nie in hulle inslaan nie, glad nie. Nee, help nie om dit te probeer, hulle te dreig, en alles nie.) En ek het hom soontoe geneem, ek het gesê: "Ek sal hom regsien," ek het hom onder die water ingedruk. Net 'n paar borrels het opgekom, hy het net dieselfde gebly.

138 Wel, jy kan hulle besprinkel, hulle agteroor, vooroor gooi, enigiets wat jy wil. Hulle gaan af, 'n droë sondaar; en kom op, 'n natte. Dis al, nog altyd 'n sondaar!

139 Weet julle hoe ek hom laat beweeg het? Ek het gegaan en vir my 'n handvol stokkies gekry en 'n vuurtjie gebou en die ou kêrel daarop gesit. Toe het hy beweeg, broer.

140 Ek sê julle, wat die kerk vandag nodig het, is 'n outydse, Heilige Gees Vuur wat onder haar aangesteek word. Prys God! Dis wat ons nodig het. Vuur sal die kerk beweeg, en niks anders nie. Dis reg. Ja, meneer.

141 Wel, dit was 'n tipe, 'n pragtige tipe. Ja, meneer. Dit het iets verteenwoordig, toe daardie manna geval het, wat beteken het. . . God het dit vir hulle gegee nadat hulle deur die Skelfsee gegaan het (tipe van die Bloed), en die slawedrywers was dood. God moes hulle aan die lewe hou. En Hy moes hulle iets gee, omdat hulle hulleself geskei het van die tuisland, en hulle was buite in die woestyn. Hulle was reisigers daar. Hulle was op 'n reis, en God moes hulle aan die lewe hou, so Hy het belowe Hy sou alles voorsien wat hulle nodig gehad het. So Hy het dit gedoen, en Hy het die manna laat reën. Was 'n pragtige tipe!

142 Op die Dag van Pinkster toe hierdie Kerk ingehuldig is, die Heilige Gees Kerk, hulle het geskei van al hulle kerke en al die res, om uit te kom om die doop van die Heilige Gees te ontvang. En hulle het daar gewag: "Wat gaan ons doen? Ons Meester het opgegaan Hemel toe, maar Hy het vir ons gesê om 'n rukkie hier te wag, net om 'n rukkie hier te bly, Hy sou vir ons Iets stuur om ons deur te dra." "O, ek's so honger," het Petrus gesê: "om Hom te sien."

Johannes het gesê: "O, Petrus, wat sou jy doen om Hom te sien?"

143 "Goeiste! Wel, ek sou sê: 'O, ek's jammer ek het Hom daarbuite verloën. Ek sal dit nooit weer doen nie.'" Toe, meteens, het daar uit die Hemel 'n geluid gekom soos van 'n geweldige rukwind, wat afgekom het.

144 Nie een of ander Roomse man met sy kraag agterstevoor, wat kom om hulle kosjer te gee, of een of ander soort nagmaal nie. Nie een of ander Protestantse prediker wat sê: "Ek gee jou die regterhand van gemeenskap, gee my ses maande proeftydperk nie. Sit sy naam op die boek." Nee, nee. Wel, dis hoe ons dit vandag doen.

145 Maar, broer, ek sê jou, dit was soos ’n geweldige rukwind, wat uit die Hemel gekom, die hele huis gevul het waar hulle gesit het. Halleluja! Broer, die gebou was nie groot genoeg vir hulle nie. Buite in die strate het hulle ingegaan, gesing, gespring, gedans.

146 En wag ’n bietjie, suster, die maagd Maria was ook daarbinne. Ja, sy was, het opgetree asof sy dronk was. Kan julle julle voorstel, die maagd Maria? Kan julle julle voorstel om dit in ’n Katolieke kerk, Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, of iewers, te sê? Die maagd Maria was onder die invloed van die Heilige Gees, het gesteier soos iemand wat dronk was. En as God die moeder van Jesus Christus boontoe laat gaan het om die doop van die Heilige Gees te ontvang voor sy Hemel toe kon gaan, sal jy nooit met enigiets minder as dit daar kom nie. Kan net sowel die styfheid uit julle krae kry, en kom. Dis reg.

147 Soos ou Naäman, toe Naäman afgegaan het om sy. . . Elisa het vir hom gesê om af te gaan, sewe keer sy kop onder te druk, of sewe keer te onderdompel. O, goeiste, hoe dit sy trots gekrenk het! “Uh,” gesê: “is die water nie net so goed daarbo nie?”

“Is my kerk nie net so goed nie?”

“Nee, God het *hier*onder gesê.”

148 “Wel, nou, Broer Branham, as ons soontoe gaan en ons glo *hierdie* en glo *daardie*, sal ons ’n mooi kerk hê en almal goed behandel, en ek sal ’n bietjie geld in een inbetaal.” Nee, meneer. As iemand nie wedergebore word nie, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie!

149 So, ek kan hom daar sien uitloop, sy voete uit die modder sien optrek, soos ’n mannetjiekat in molasse, julle weet, daar uitstap. “O, ek reken ek sal dit moet doen,” onderdompel. Dit sal sy trots aantas. Weer opgekom, steeds sy melaatsheid gehad. Die profeet het gesê “sewe” keer. Maar nadat hy dit sewe keer gedoen het, het sy vel weer rein geword.

150 Broer, ek sê jou, party mense sê: “Ek glo nie dat ek moet opkom na die altaar toe en boe-hoe en rondhuil, rondsnot soos die res van hulle maak nie.” Bly dan daar agter.

“Ek sal die pad volg saam met die Here se paar veragtes. Ek het saam met Jesus begin gaan. Here, neem my deur!”

151 Hierdie ou Evangelie het my gehou, broer, toe ek daar voor toordokters gestaan het. Dit het my gehou toe maniakke na die platvorm toe gehardloop, gesê het: “Ek sal hom vanaand doodmaak.” Dit het by my gestaan in die ure van versoeking, toe die vliegtuie geval en die loodse wit in hulle gesig was. Daardie ou Evangelie het by my gestaan toe die dokter gesê het: “Hy het drie minute om te lewe.” Dit het toe by my gestaan, Dis nou goed. Halleluja! Ek is nog steeds lief Daarvoor. Kan nie genoeg kry Daarvan nie. Dis reg.

152 Wel, wat stel dit vir ons voor? Goed, toe hulle almal dronk geword het van hierdie nuwe Manna! “Huh?” Ja, uit die Hemel gekom. Nou, Moses het nooit gesê: “Bak ’n paar ekstra brode vanaand,” nie. Het niks gehad om mee te bak nie. Hulle was vreemd, hulle was—hulle was reisigers en vreemdelinge, en so hulle het niks gehad om mee te bak nie. En God het dit uit die Hemel laat reën. Is dit reg? En soos God dit uit die Hemel laat reën het, het Hy die Heilige Gees uit die Hemel laat reën.

Wel, julle sê: “Nou, wat het Moses destyds daar gesê?”

153 Hy het gesê: “Aäron, ek wil hê julle kêrels moet soontoe gaan.” Nou, trek nou julle baadjies aan. Goed. “Ek wil hê julle kêrels moet daar uitgaan, en vir ons verskeie groot gomersvol hiervan kry. En ek wil hê julle moet dit inbring en dit hou, dit agter sit.” Dit is gehou in die Allerheiligste. Dit het nie bederf nie. Dit is in die Heilige Plek gehou.

Gesê: “Waarvoor is dit?”

154 “Wel, regdeur julle geslagte, elke priester wat verordineer is om ’n priester te wees, wat in die Heilige Plek inkom, dat julle daar mag ingaan met hierdie gomers en bietjie van die oorspronklike manna optel, en uitkom en dit op sy tong lê, en hom laat proe, want hy’s waardig, hy’s ’n priester en kom nou agter die voorhangsel in, ‘Nou sal jy proe van die oorspronklike manna wat in die begin geval het.’” Dis wat hy gesê het. Is dit reg? En dis wat afgegaan het deur die eeu.

155 Nou, wat het dit te doen met Pinkster? O, en hulle het almal daardie goeie manna geëet, en geskree en uitgeroep, en daarbuite aangegaan soos ’n klomp dronk mense. Wel, iemand het gesê: “Wat kan ons doen?”

156 Petrus het gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van julle sondes, want julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.” Broer! Halleluja! Elke mens wat God se voorwaardes nakom en ’n priester word, om agter die voorhangsel in te kom en homself af te sonder van die wêreld, ontvang, nie net ’n mondvol nie, maar ’n hart vol van die oorspronklike Manna wat geval het op die Dag van Pinkster. Nie iets wat *soos* Dit lyk nie, maar van die regte Ding! Halleluja! Prys God! Reg! Daar het hulle gegaan, net aanbeweeg. Hoe lank gaan Dit hou? Tot Jesus kom. Die manna het gehou totdat hulle die ander land getref het en van die ou koring gekry het. Is dit reg?

157 Nou, watter tyd het ons? O, ek’s jammer. Ek’s net vyf-en-twintig minute laat. Goeiste, dis vreemd vir my om soveel oor te gaan, nie waar nie? Goed, net binne ’n oomblik. Wel, ek het nog vyf minute, maak dit net ’n halfuur. Hoe’s dit? Goed.

158 Kom ons gaan hiernatoe en kry die teks sommer gou, hulle het deur die woestyn gegaan. Kyk na die mense, net soos dit vandag is. Predikers, moenie moedeloos raak nie. Kyk hier, net soos. . . Maar onthou, daardie murmureerders, nie een van hulle het ooit die ander land gehaal nie, nie een van hulle nie. Maar hulle het gemurmureer en gekla. Hulle het die knoffelpotte van Egipte verlaat, en het Engele-voedsel geëet, en daaroor gekla. Is dit nie reg nie?

"Wel, Broer Bill, ek sê jou, eerlikwaar, ek weet nie wat ek sal doen nie. My man sal my verlaat." Laat hom gaan.

Skei jy van alles. "Hy wat nie sy eie sal versaak, en My aankleef nie, is My nie waardig nie."

"Ek weet nie wat Mamma sal sê nie." Wat gee jy om wat Mamma sê? Dis wat Jesus gesê het! Sien? Ja.

"Wel, ek's bang my naaldwerksirkel sal opbreek." Wel, breek dit op. Dis reg.

"O, my letterkundige vereniging, al hierdie ander dinge! Ek behoort aan Ouer-Onderwysers en dit alles. Wat as ek daar gekom en begin skree het?" Wel, skree.

159 'n Ou man het eenkeer, hy is heeltemal gevul met die Heilige Gees, wat 'n wonderlike tyd het hy gehad. Sy—sy dogter, hy het by haar gebly. Hy sou die Bybel kry en lees, dan sou hy opstaan en hy sou net huil, en op-en-af oor die vloer loop. Sy sou een van hierdie pienk-tee partytjies hou, julle weet, so sy het die ou man gekry, so sy het gesê: "Ek sal hom regsien." Sy het gesê: "Pappa, daar's die vroue wat vandag kom." Gesê: "Ek weet jy wil nie iets met daardie vroue te doen hê nie."

Gesê: "Nee."

Gesê: "Ek gaan vir jou 'n mooi boek gee om te lees." Gesê: "Gaan jy bo na die solder toe en lees terwyl ons ons partytjie het."

Gesê: "Goed."

Gesê: "Hy sal nooit iets daarbinne kry om oor te skree nie."

160 So hy kom daarbo, en sy gee hom 'n aardrykskunde boek. So hy het daar opgegaan en die bladsye begin omblaai, hy het gesê: "Hum, Europa, Asië." Soontoe gegaan, dit het gesê: "Die see." Hy het weer afgekyk, gesê: "Halleluja! Halleluja! Halleluja!" Begin voete stamp.

En die meisies het gesê: "Wel, wat gaan aan?"

Gesê: "O, iets is verkeerd met vader. Ons moet hardloop." By die trappe het hulle opgegaan, daar opgegaan.

Hy het geskree: "Prys die Here! Halleluja! Halleluja!"

Sy het gesê: "Pappa, wat makeer?"

161 Gesê: "O, skat, jy het vir my hierdie goeie boek gegee om te lees, en ek het hier gelees waar dit sê die see het geen bodem nie. En Jesus het gesê Hy het my sondes in die see van vergetelheid gegooi, vir altyd te wees..." Gesê: "Hulle gaan nog steeds aan. Halleluja! Halleluja! Halleluja!" Dis reg. Sekerlik, gaan nog steeds aan, het geen bodem nie. Sien dit daar bo-op, hulle kom net reguit af, bly aangaan, o, goeiste, bly net aangaan. Halleluja! Dis reg.

162 Kla, murmureer altyd: "Ek weet nie wat om te doen nie." O, goeiste, murmureer! Het die knoffelpotte verlaat, om Engelekos te eet. Het die grootpraterige geneeshere van Egipte verlaat, om by die Groot Geneesheer te wees. 'n Klomp mense verlaat wat gesê het: "die dae van wonderwerke is verby," my, goedheid, om by daardie mense te wees waar wonderwerke en alles moontlik is. Reg by daardie klomp, en kla nog steeds! Dis reg. Wat 'n toestand! Hulle het die modderige waters van Egipte verlaat, om te drink uit die Fontein wat nooit opdroog nie. Nog steeds gekla. Geen wonder hulle toevoer is afgesny nie.

163 Dis wat die probleem vandag is. Die toevoer is afgesny omdat julle te veel murmureer. "Wat van die taak van die diakens? My kerk sê..." O, hou op, broer! Kyk na Christus! Hulle het gevolg die...

Toe, voor jy jou kom kry, het Moses gesê: "Bring hulle hiernatoe. Bring hulle hiernatoe."

164 En God het gesê: "Spreek tot die Rots, en Dit sal Sy water voortbring." En toe hy tot die Rots gespreek het...Nou, hy het eers daardie Rots met 'n staf geslaan. En toe hy daardie Rots geslaan het, was daardie staf God se oordeelstaf. Dit was nie 'n staf van Moses nie. God het gehou, het Moses in Sy hand gehad.

165 En wat daardie staf in Moses se hand was, is Jesus se Naam in die kerk vandag. Dis reg. Dis die waarheid, broer. As daardie Egiptenare ooit daardie staf uit sy hand kon kry, was hy magteloos. As hulle ooit die Naam van Jesus kan wegneem van die kerk, en julle kan wegkry; sal julle uitgaan en Dit laster en Dit bespot, en alles, en probeer inkom en Daarin bid. Julle kan dit nie doen nie. Moet Dit heilig hou! Dis reg.

166 "O, neem die Naam van Jesus met jou, kind van droefheid en van wee. Wanneer versoekings om jou versamel, prewel daardie heilige Naam in gebed." Duiwels sal skarrel, soos kakkerlakke op 'n vloer wanneer die lig aangeskakel word. Waarlik.

167 Hier is hulle. Goeiste! Hy het gesê: "Bring hulle daarnatoe." En hy het hierdie oordeelstaf geneem, en hy het die Rots geslaan. En toe hy die Rots geslaan het, was daar 'n skeur in die kant van die Rots.

168 En daardie Rots was Christus Jesus. Dank God! Dis God se oordeel vir my en jou, 'n bose sondaar, wat die dood verdien, wat skeiding verdien. God se oordeel was: "Die dag wat jy daarvan

eet, daardie dag sterf jy." En Sy oordeel het Hom op Gólgota geslaan, en daar het Hy gehang, wat bloei, blêr, sterwend. Adam se Lam wat daar hang, Abel se Lam, liewer, Lam geslag vanaf die grondlegging van die wêreld.

169 En daaruit, 'n baie pragtige gelykenis. Waarvoor was dit opgelig, die koperslang? Vir genesing. Veelvuldige rede. Toe hulle genesing nodig gehad het, het hulle 'n koperslang opgerig. Wat was dit? Want hulle het gemurmureer, gepraat teen God en Moses. En dit was vir 'n veelvuldige rede, want hulle het gemurmureer, gesondig, en hulle was siek en het genesing nodig gehad.

170 "En Moses," soos Jesus gesê het: "soos Moses die koperslang in die woestyn opgelig het," net vir dieselfde doel, dieselfde oorsaak, dieselfde versoening: "so moet die Seun van die mens opgelig word," veelvuldige rede: "om jou siel te red."

171 En die geslaande Rots wat die water voortgebring het, wat uitgestroom het in die land, om 'n sterwende volk te red. "So lief het God die wêreld gehad," in die Nuwe Testament: die tipe daarvan, die antitipe, liewer: "so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige Lewe kan hê." Daar het julle dit. Soos dit was vir 'n verganende, sterwende, hulpelose volk, dat die koperslang opgerig is, die geslaande Rots geslaan is om Lewe en genesing en vrede voort te bring, vir daardie mense, so het God Sy Seun opgelig dat julle nie sou vergaan nie, maar ewigdurende Lewe sou hê. My broer, suster, ek bid dat jy Hom vanaand sal aanvaar.

172 Ek's jammer ek het my les verknoei. Ek—ek het vir 'n lang tyd nie gepreek nie. Verskoon my vir my emosies, maar hoe goed voel ek nie! En verskoon julle my. Ek sal gevestig raak binne nog 'n paar dae, sodat ek kan leer.

173 Vanaand, is daardie selfde Engel van God wie se foto op daardie papier is, net hier by hierdie platvorm. Wat is Dit? Dis die Engel van die Verbond. Dis die Here Jesus Christus wat Homself identifiseer. Die Here seën julle. Mag julle Hom nou ontvang as julle persoonlike Verlosser. Ek wag vir my altaar-oproep, tot die Heilige Gees my die leiding gee om dit te doen. Sien?

174 Ek glo God gaan hierdie kerk vul met die Heilige Gees, totdat julle 'n kreet hoor wat sal—wat sal deurtrek deur Jeffersonville hier. Ek wag en bid, elke dag en nag, wag net vir die kritieke oomblik. Hou jy aan met vas, hou aan bid; maak die kinders bymekaar, raak ontslae van al die sonde in jou huis, soos Jakob gesê het: "Haal af julle oorbelle en was julle klere." Maak gereed! O, ek hoor die gedruis van die reën!

Mag die Here julle nou seën. Kyk na die Lam van God, terwyl ons ons hoofde buig.

175 Ons Hemelse Vader, daardie pragtige kerk wat voortbeweeg in volle wapenrusting! En hulle klere het nooit verslete geraak nie, hulle skoene het nooit van hulle voete afgekom nie. Veertig jaar in die woestyn, en daar was nie 'n swakke onder hulle nie. Geen dokter, aardse dokters nie; net die Groot Geneesheer. Geen kleremakers nie, net niks om klere mee te maak nie; maar die groot Skepper was daar wat gekeer het dat hulle klere verslete raak. Hulle moes deur diep waters gaan en vuurwarm sand, deur doringbosse en digte berge dring. Alles was in die pad, maar daardie groot Vuurkolom het vooruit gegaan.

176 Beweeg aan voor ons, O Môrester, lei ons en rig ons. Vergewe ons ons sonde en help ons om U diensknegte te wees, Here. Neem hierdie paar deurmekaar Woorde waarmee ek hier gestaan het, Here, gelees het uit U Woord, en ek bid dat U Dit diep in elke hart sal insink. En mag Dit nooit vergaan nie, maar mag U hulle Ewige Lewe gee.

177 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, is daar 'n persoon hierbinne, (met elke oog toe), sal jy jou hand opsteek, sê: "Broer Branham, onthou my asseblief. Ek—ek's verlore, en ek—ek—ek ken Jesus nie as my Verlosser nie. Ek is nie wedergebore nie. Ek wil hê jy moet vir my bid"? Sal jy jou hand—hand net nou opsteek? Glip jou hand op sodat ek kan bid. God seën julle. Baie van julle het julle hande op, oral in die gebou. Dis wonderlik. God seën julle, oral. Nou sê: "Broer Branham, ek weet, as God my siel sou roep, is daardie kiem van die Lewe nie in my nie. Dis nie in my nie. Ek ken Hom nie so nie. Ek—ek ken Hom nie regtig so nie. Ek is nog nooit regtig wedergebore nie, maar ek wil wees. Ek wil wees, en ek wil hê jy moet vir my bid." Sal jy nou jou hand opsteek, iemand anders jou hand opsteek? Omtrent 'n dosyn hande. Goed, dankie. God seën jou, suster. En iemand anders. Goed. Nou, God seën jou, en jou, en jou. Goed.

178 Nou, iemand hierbinne wat onthou wil word in gebed, jy's siek, en sê: "Broer Branham, onthou my, ek's siek." Ons het nie 'n genesingsdiens gehad nie, want ons tel dit alles in die Evangelie, maar ek bid wel vir die siekes. Nou, as jy jou hand sal opsteek, sê: "Onthou my, ek's siek, Broer Branham." Goed, dis weer verskeie hande op, wat siek is. Goed, terwyl ons ons hoofde gebuig het.

179 Here, red asseblief daardie sondaar, Here, afvallige; skenk dit, Here. Bring hulle na die huis toe vanaand en voed hulle goed. Mag hulle vanaand hier weggaan en hulle verbond hernu. Mag daardie arme sondaar, mag sy kussing soos klippe voel vanaand, hulle net nie kan rus nie. O God, dis verskriklik, dit lyk asof, vir 'n man om so te bid. Maar, O God, enigiets, moenie dat sy siel verlore gaan nie. Dis, as. . .wat as hy uit hierdie wêreld sou uitgaan, Here, sonder om U te ken! O, ek bid dat U met hom sal wees. Help hom, help haar, ook, Here, almal.

180 En nou die siekes hier, Here. Mag, soos Moses daardie slang

opgerig het, en elkeen wat na die slang gekyk het. . . Die slang het vir niemand gebid nie. Hulle het net gekyk en gelewe, hulle het gekyk en gelewe. En elkeen wat gekyk het, het gelewe. Here, mag die siekes en beproefdes van hierdie, wat in hierdie gebou is vanaand, kyk na die Kruis daar oorkant, daardie Vredevors daar sien hang; die Antitipe van die slang, die slang van sonde simboliseer, en Hy is sonde gemaak vir ons. Here, ek bid dat U elkeen van hulle net nou sal genees. Mag die Heilige Gees daar regdeur beweeg, net nou deur hulle wese vloei, en hulle genees van hulle swakheid.

181 Seën diegene, Here, wat op die pad is, reisigers. Ou mans en vroue hier wat geveg het om die prys te wen, en deur bloederige seë geseil het, bitter vervolging en huislike probleme verduur het, en alles, en steeds voortreis. O Môrester, lei verder, Here Jesus.

182 Een van hierdie glorieryke dae sal ons groot skip die hawe oorkant verlaat. Ons sal die ou skip van Sion hoor blaas wanneer sy deur daardie mis vaar, in die kamer, wanneer die dood oor ons kom en ons geliefdes skree. Ons sal haar hoor blaas. Halleluja! Sy sal reguit afbeweeg deur daardie mis, na die kant van die bed, en ons sal ons voete daarop laat trap, daar oorkant aankom in daardie Land waar ons nooit sal oud word nie. En plooie sal die gesig verlaat. Halleluja! Grys hare sal verdwyn. En ons sal 'n liggaam hê soos Sy Eie verheerlikte Liggaam. Ons sal Hom sien soos Hy is, en ons geliefdes ontmoet in daardie gelukkige Land. Gee hulle moed.

183 O God, beweeg oor hierdie stad, en stuur sondaars in, dat daar 'n groot herlewing van die siel mag wees. Skenk dit, Here. Wees nou met ons in die verdere deel van die diens. In Jesus' Naam vra ons dit. Amen.

184 Die Here seën julle. Nou soos julle vertrek, sal ek die broer plekaanwysers vra of hulle sal vorentoe kom en die klein boekies daar kry, en die foto's. (En elkeen van hulle kry *hierdie*, ook, broer plekaanwyser, en die—en die klein. . . en die foto daar.) As julle een wil hê. Ons verkoop nie boeke nie, ons verkoop nie foto nie. As jy hulle wil hê, goed; as jy nie wil nie, dis net. . . Ons het hulle net vir daardie doel. Sal julle broers nou vorentoe kom en hulle kry, as julle sal? Broer Cox en Broer Fleeman, en sommige staan by elke deur daar, as die mense hulle wil hê.

Hoeveel het die Here lief, sê: "Amen!" [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Goed.

185 Ek wonder of die suster wat die baba daar in haar arm het, die suster, speler, of hier, as sy sit reg. . . Goed, as jy op is, kom reguit vorentoe hier net 'n oomblik as jy sal, en gee vir ons 'n akkoord op die klavier.

186 Nou, onthou die dienste, begin môre-aand, weet julle waar ons môre-aand gaan begin? Ons gaan die kinders van Israel na

Kades-barnéa toe neem. Dis die oordeelstroon. En daar sal Josua en Kaleb oorgaan en terugbring.

187 En dan, as die Here wil, Sondagoggend oor hierdie, hierdie vrae en antwoorde, as die Here wil, sal ons dit hê.

188 En Sondagaand wil ons die kinders oorkant na die tuisland toe neem. Halleluja! Die Jordaan het teruggerol, en daardie modderige strome het weggerol. En hulle gaan op na die mure van Jerigo, en het uitgeroep, en daar kom die muur, en hulle neem oor. Halleluja! Ons sal daardie rooi tou daar dophou, van Ragab die hoer, wat daar afhang waar sy die spioene laat sak het.

189 Dan, as die Here wil, volgende week mag ons reguit deurgaan, oorkant in die Boek van Openbaring in, af deur Daniël, halleluja, en 'n heerlike, wonderlike tyd hê. Het julle die Here lief? Amen. Goed.

190 Nou, hoeveel ken hierdie lied. . .(Gee ons 'n bietjie, net: *Vergeet Tog Nie Die Gesinsgebed Nie*. Ken julle dit?) Kom ons kyk of ons dit nou sonder musiek kan sing. Hoeveel ken daardie ou liedjie hier: *Vergeet Tog Nie Die Gesinsgebed Nie*? Goed, nou laat ons stadig begin.

> Vergeet tog nie die gesinsgebed nie,
> Jesus wil jou daar ontmoet;
> Hy sal vir alles sorg,
> O, vergeet tog nooit die gesinsgebed nie.

191 Hoeveel van julle hou gesinsgebed? Laat ons sien. Ja, nou het sy die akkoord nou. Dit het dit. Kom ons probeer dit nou, komaan.

> Vergeet tog nie die gesinsgebed nie,
> Jesus wil jou daar ontmoet;
> Hy sal vir alles sorg,
> O, vergeet tog nooit die gesinsgebed nie.

192 Ons verdagingslied, *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*, julle ken dit, nie waar nie?

193 Nou sal ons net 'n oomblik staan. Nou terwyl ons die eerste vers sing, wil ek hê julle moet omdraai, handskud met julle buurman, sê: "My naam is *John Doe*, ek is bly jy was hier in die tabernakel vanaand. Ek hoop om jou weer te sien." Die Here seën julle nou. Maar moenie weggaan nie, ons gaan verdaag word op die gewone, respekvolle manier, net binne 'n oomblik. (Gaan julle broers na die deure toe, as julle sal.) Goed, nou.

> Neem die Naam van Jesus. . .

194 Gaan terug en skud nou hande, draai om. Dis reg. Skud nou hande, maak op. As jy enigiets teen enigiemand het, gaan terug en skud hulle hand, sê: "Nee, ons is saam pelgrims."

> . . .Dit oral met jou mee.

> Dierb're Naam, O hoe soet!

Aardse hoop en Hemelvreugd; (. . .?. . .Broer Smith, ek. . .?. . .)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou, luister nou goed:

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ons neer,
Koning van konings in die Hemel kroon ons Hom,
O, wanneer ons reis voltooi is hier.

Dierb're Naam (O, dierb're Naam!) O, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam (dierb're Naam!), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

195 Ons is bly julle was hier vanaand. Wil hê julle moet terug wees en by ons wees môre-aand, as julle kan. As julle nie op julle pos moet wees nie, kom na ons toe.

196 Nou, Ouderling Steel, van Portsmouth, Ohio, het pas ingekom, staan hier in die voorste ry. Ons gaan hom vra om ons te verdaag in 'n woord van gebed.

Goed, Broer Steel.

53-0327 Israel En Die Kerk #3
Branham Tabernakel
Jeffersonville, Indiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org